Sondag 15 Januarie
Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33:1-13
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 33:12
Bekeer jou op grond van God se guns (genade)

Manasse het sy pa Hiskia as koning opgevolg en die hervorming wat sy pa ingestel het, alles ongedaan gemaak. Met al sy afgodediens het hy koning Agab geëwenaar in goddeloosheid. Hy het selfs verder gegaan en ook die son en maan en alle hemelliggame aanbid. Nêrens tevore in die geskiedenis van Juda het so iets gebeur nie. Hy het selfs sy kind vir Molog geoffer.

Kan so ’n man gered word? Is daar kans op bekering? Die antwoord is: Ja! Hy kan gered word as hy tot ware bekering kom. Dié bekering waarin Manasse ook uiteindelik deel gekry het. Manasse het met waaragtige berou hom voor God verootmoedig en in opregtheid tot God gebid en God se guns gesoek!

Bekering gaan alles oor God se guns. Dit gaan oor God se genade. Dat God sonder enige verdienste van die mens se kant, uit louter genade, op grond van die voldoening van Jesus Christus, aan die mens volkome geregtigheid en heiligheid skenk en ook nuwe harte waaruit die ware bekering moontlik is.

Manasse se wonderlike bekering maak hom nie beter as enige ander mens nie, dit bevestig net hoe groot God se guns (genade) is. Alleen daarom is dit vir enige ander sondaar, ongeag sy baie sonde, moontlik om deur die genade van God tot bekering te kom.

Hierdie bekering word sigbaar en duidelik wanneer ’n sondaar, soos Manasse, hom in verootmoediging biddend tot God wend. Selfs die mees verharde mens kan bekeer word – al moet God ’n oorlog gebruik vir die redding van een mens, soos in die geval van Manasse. God sal selfs meer as dit gebruik. Hy sal sy eniggebore Seun, Jesus Christus, na die aarde stuur om ons sonde te betaal en om deur die genadewerk van sy Gees ons te bekeer van al ons sonde.

Sing: Psalm 31-1:5, 17

Ds. SA Cilliers (Sarel) (emeritus)